

KOERSVAS

Jaargang 3

Uitgawe 67

17 Julie 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL


Ons erfenis?

In ons gesprekke met lidmate en ampsdraers van die NHKA is dit duidelik dat daar 'n normalisering van menslike verhoudings op die horison is. Dit is 'n goeie teken en kan gesien word as wegbereider vir respekkolle theologiese debat en gelowige hantering van verskille.

Ons moet een saak nie uit sig verloor nie en dit is ons identiteit en ons gedeelde verlede. Die GHG is in ons theologiese denke en ons harte die logiese en historiese voortsetting van die Voortrekkerkerk. Dit beteken dat ons oor baie sake gewoon dink soos die NHKA tot onlangs. Ons gebruik immers steeds dieselfde liturgiek, gebruik steeds sover toepasbaar die Kerkorde van 2010 en sien onsself steeds as volkskerk, 'n konsep wat deur 54/69 en verdere denke en optredes in die NHKA verwerp is. Ons het 'n gedeelde erfenis.

Die situasie kan vergelyk word met die Reformasie amper 500 jaar gelede. Die reformatore en die Roomse kerk het 'n gedeelde verlede gehad. Ja, daar was beeldestorms, 'n terugkeer na die Skrif en gepaardgaande verwerping van tradisie.

Die reformatore het nie totaal met hulle verlede gebreek nie. As Christene kon dit



nie anders as dat hulle na die verlede kyk met waardering nie. Hulle kon raaksien dat die besluite van die eerste konsilie suiwer Skrifgefundeerd was. Hulle het die Skrif krities bekyk en toe aanvaar as enigste bron van gesag in **alle** theologiese sake. Hulle het tradisie as bron van gesag verwerp maar tog nog geput uit die tradisie. Daar is ruim gebruik gemaak van teoloë soos Augustinus se geskrifte. Die reformatore het raakgesien dat 'n gesamentlike verlede 'n gedeelde erfenis impliseer. Hulle kon raaksien waar die saak begin verkeerd loop het en toe die nodige korrektiewe aanbring. Die breuk was met die Roomse kerk en sy verkeerde wendings in denke en praktyke, nie met die verlede in totaliteit nie.

Dit gebeur soms vandag nog dat die Roomse kerk na die verlede verwys as 'n Roomse verlede. Daar word aangehaal uit geskrifte van die 10e en 13e eeu en dan word daarerna verwys as net Roomse denke.

Dit is **nie die bron** wat Rooms is nie, dit is **die inhoud**. Met ander woorde, sekere sake moet duidelik gestel word. Die kerklike denkers voor die Reformasie was kerklike denkers. Sommige van hulle het Rooms gedink en ander net Skrifgefundeerd logies betroubaar. Dit is die goeie reg van die reformatore om teoloë van voor die

Reformasie gesagvol aan te haal. Dit is die inhoud wat die gedeelde erven bepaal en nie die teoloog nie. Die Reformasie moet daarteen waak dat kerklike teoloë van voor die Reformasie deur die Roomse kerk opgeëis word as Roomse teoloë. Hulle was kerklike teoloë.

Iemand soos Augustinus het baie sinnolle geskrifte die lig laat sien en Luther en tydgenote het sonder probleem aangehaal uit sy boeke.

In dieselfde trant moet die NHKA nie toegelaat word om die Voortrekkerkerk se geskiedenis vir hulself toe te eien nie. Ons het wel hierdie gedeelde verlede, maar beslis nie dieselfde hede of toekomsvisie nie. Tyd sal leer watter toekomsvisie is Skrif gefundeerd. In die tussentyd sou dit dwaas wees om nie die geskiedenis van die NHKA tot by selfstandigwording te sien as "ons" geskiedenis nie.

BERIGTE

1. Dagbestuur vergader

Die dagbestuur van die GHG kom Dv Vrydag 24 Julie 2015 byeen om die agenda vir die Meyerspark Bondsvergadering te finaliseer. Alle Bonds predikante word uitgenooi om die geleentheid by te woon. Die tentatiewe agenda word 17 Julie versprei en voorstelle en wysigings moet voor 21 Julie aan ds Frans Marais gestuur word. Gelukkig leef ons in die elektroniese era en kan al die werk op rekenaar en tablet gedoen word. Kontak hom by fransnhk@gmail.com. Die vergadering vind plaas te Meyerspark en sal om 10:00 begin. Ampsdraers is welkom om die byeenkoms by te woon, maar moet net die gemeente hoflikheidshalwe laat weet indien u teenwoordig gaan wees. Beplan ook om

waarskynlik die hele dag besig te wees.
hkmeyerspark@lantic.net.

2. Die homoseksuele debat

Die sinodale voorsitter van die NGK se pleitdooi dat homoseksualiteit "normaliseer" moet word, het 'n verwoede debat op verskeie forums tot gevolg gehad. Op een blad is persone wat sou verskil van die pro-gay standpunt verguis, beleidig en hulle argumente as snert uitgemaak. Die GHG predikante het gekies om nie tot die debat toe te tree nie. Die GHG se standpunt oor die saak is duidelik en is opgeneem in die Staat van Belydenis. Enkele opmerkings uit Die Skietlood 58 waar die saak beredeneer word, ter ondersteuning van die GHG se standpunt:

Dan is dit duidelik dat die Bybel die verhouding tussen een man en een vrou aandui as God se wil.

Die Ou Testament ken net een Godgegewe verhouding, die tussen een man en een vrou wat in aanvullende skeppingsverhouding saam lewe. Nie eens poligamie word goedgepraat nie. Binne die aanvullende verhouding word man en vrou so aangevul dat hulle na diebeeld van die Een God verstaan kan word. Seksualiteit word verstaan as middel tot eenwording en voortplanting.

Die Romeine teks het dit duidelik teen die teen-natuurlike optrede. Homoseksualiteit by mans en vroue word onomwonde verwerp.

Inteendeel, al die nuwe Testament tekste beskryf homoseksualiteit as sonde.

KENNISGEWINGS	
1. Geloofsbondkwilt vir Teologiese Opleidingsfonds	<ul style="list-style-type: none"> Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgelde 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook 'n tweede en derde prys. Belangstellendes kan skakel met Hans Esterhuizen by 084 581 2905. <p>Indien u nie al die inligting het nie of graag nog wil deelneem, kontak vir Ina Steenkamp by 082 908 2881.</p> <p>Dankie aan die gemeentes wie se blokke reeds ontvang is.</p>
2. Bondsvergadering.	<p>DATUM: 6 tot 8 September 2015.</p> <p>PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark</p> <p>TYD: Registrasie vanaf 16H00.</p> <p>Opening om 18H00.</p> <p>KOSTES: R250 per afgevaardigde.</p> <p>Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling:</p> <p>"Gemeente Naam" Bondsvergadering Afgevaardigdes.</p> <p>.</p>
3. Bybelvasvra	<p>Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.</p> <p>BESTEK</p> <p>Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)</p> <p>VOORGESTELDE DATUMS</p> <p>Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).</p>
4. Advertensies	<p>Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Vaalwater projek ken u. Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
	<ul style="list-style-type: none"> Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgelde 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook 'n tweede en derde prys. Belangstellendes kan skakel met Hans Esterhuizen by 084 581 2905. <p>Premiermyn hou einde November hulle gevinstige jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252</p> <ul style="list-style-type: none"> Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015 <p>Paul en Ella help graag met:</p> <ul style="list-style-type: none"> > Kalender R8-30 elk > Verlofregister R24-75 elk > Kwitansie R16-90 elk > Offergawe R6-60 elk > Dames Kwitansie R14-45 elk > Konsistorie R22-35 elk > Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk <p>ella@teamworkprinters.com</p> <p>5. Geloofsbond Eredienste :</p> <p>www.geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas. http://www.geloofsbond.org.za/</p> <p>6. Skenkings</p> <p>BANKBESONDERHEDE:</p> <p>Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes) ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika Rekeningnommer: 6243 092 3088 Takkode: 250 655</p> <p>Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel</p> <p style="text-align: center;">MW PACKAGING by 018 381 1494.</p>